Sel-versekering wen veld by ondernemings

Mnr. Herman Schoeman
Foto: VERSKAF

Sowat 15 jaar gelede het Guardrisk 'n nuwe konsep aan die versekeringswêreld bekend gestel: sel-versekering (cell captive). Dit het die manier waarop korporatiewe ondernemings hul risiko's verseker, heeltemal verander.

Vandag is sel-versekering 'n lewendige sektor van die versekeringsbedryf, met netto premies van meer as R6 miljard per jaar.

Sel-versekering kom daarop neer dat ondernemings die voordeel daarvan het om hul eie versekeringsmaatskappy te besit, maar sonder die inherente koste en administratiewe werk wat dit gewoonlik inhou.

Met sel-versekering word onderskrywing, herversekering, eisebestuur en beleggings- en rekeningkundige funksies aan kliënte (sel-eienaars) verskaf. Dit hou kostes laag en gee kliënte toegang tot 'n breë grondslag van versekeringsvaardighede.

Guardrisk word sedert 2004 gereken as die wêreld se grootste sel-versekeraar, gemeet in Amerikaanse dollar. Hy is ook die enigste versekeraar in die wêreld se top-10 wat uit Afrika sake doen.

Sedert PricewaterHouseCoopers begin het met sy opname oor ontluikende tendense een strategiese aangeleenthede in versekering in Suid-Afrika, is Guardrisk aangewys as Suid-Afrika se beste alternatiewe risiko-oordragversekeraar (ART).

"Wat die prestasie nog beter maak, is dat dit bevestig is deur Guardrisk se eweknieë," sê mnr. Herman Schoeman, besturende direkteur.

Die opname dui die sukses aan van Suid-Afrika se voorste ART-versekeraars wat betref prestasie, teenwoordigheid en momentum en neem nie net grootte in ag nie.

Guardrisk se bruto premie-inkomste is meer as R4 miljard per per jaar en sy bates is meer as R5,7 miljard.